

TWYFEL IS GOED VIR GELOOF

WATERKLOOFKERK; JAKOBUS 1:1-8; 12 AUGUSTUS 2018

Ons praat in hierdie dae oor geloof. Vandag oor twyfel en geloof.

Byna deurgaans ontmoet ons in die Bybel mense wat in God glo maar ook twyfel:

- Dink maar aan die tientalle twyfelvrae van die Psalms : Here waar is U? Here God, ek kry swaar, my pyn is ondraaglik, hoekom verhoor U nie my smeking nie? Here hoekom red U my nie van vernedering en skande nie? Waarom gaan dit met my sleg, Here, maar met die ongelowige voorspoedig?
- Job - 'n eerlike gelowige - worstel met God. Volgens sy vriende word Job gestraf vanweë onbekende sondes. Job verwoord sy twyfel teenoor God self in 'n soort strydgesprek. Aan die einde word die vriende - wat nooit oor God getwyfel het nie - veroordeel en Job vind 'n vreemde vrede.
- Ook die Prediker twyfel, nee bevind dat geloof nie die voordeel sou hê wat algemeen destyds aanvaar is nie. Lyding en dood tref immers almal
- Johannes die Doper, die laaste soort van 'n Ou Testament-profeet, vra: 'Is Hy die een wat sou kom of moet ons 'n ander een verwag?' Selfs by hom is daar aanvanklik twyfel of Jesus die Messias kan wees!
- Dalk die bekendste twyfelaar is Thomas wat nie sy mede-dissipels na Jesus se verskyning glo nie maar twyfel en 'n bewys benodig om sy twyfel te besweer.

Daar is egter ook enkele uitsprake teen twyfel in die Bybel waarvan die bekendste dalk die waarskuwing in Jakobus is.

Ons lees Jakobus 1: 1-8.

In talle Bybel gedeeltes is twyfel aanvaarbaar. Dis deel van 'n gelowige se worsteling. Dit lyk asof Die Bybel die aard van geloof goed respekteer: dis nie wete nie, dis iets anders: 'Ons wandel deur geloof en nie deur aanskoue nie', verklaar Paulus. Ook die aard van God kan nie anders as om twyfel by die mens te wek nie: God kan nie heeltemal geken word nie maar bly 'n misterie.

Dis ook in die aard van die mens om in elk geval te twyfel. Ek het 'n familielid wat na sy professor gegaan het vir raad oor 'n praktyk in 'n ander stad. Sy professor antwoord hom toe: 'Willem wat jy ook al besluit - oor drie weke gaan jy twyfel of jy reg besluit het'.

In Jakobus word egter gewaarsku teen twyfel as 'n slegte gevoel. Daarom sal ons – soos ons met geloof doen – moet aflei daar is ongesonde en gesonde vorme van twyfel.

1. Ongesonde twyfel is sleg vir die lewe en daarom ook vir geloof

Twyfel is veral kenmerkend by skeptici mense. Ons daaglikse ervaring in ons land maak mens nogal skepties en selfs ook sinies.

Die Chinese sê van die skeptiese soort twyfel dit is om jou voet in twee verskillende bote te hê. Die Engelse taal sê weer: 'You cannot make up your mind'. In Afrikaans: 'Jy hink op twee gedagtes en kom nie tot 'n besluit nie'. Dalk het Jesus die soort twyfel beste saamgevat: 'Jy kan nie twee Here dien nie!'

Skeptiese mense se twyfel kan dalk nog goed wees maar siniese mense se ingesteldheid is sleg vir hulleself en ander. Skeptici is nie liggelowig nie maar vra kritiese vrae. Sinici mense is verby kritiese vrae maar vol negatiewe oordele oor byna alles en almal. Skeptici mense kan - indien hulle lig kry - nog ander vertrou, self optree en die goeie doen maar sinici mense se ingesteldheid verdoem hulle tot negatiwiteit en passiwiteit. Johan Ortberg (Geloof en twyfel, p126) meen as jy 'n skeptikus 'n drukkies gee, hy twyfel of jy die bedoel het maar as jy 'n sinikus 'n drukkies gee hy seker maak of sy beursie nog by hom is. Vir Ortberg is die skeptikus bang vir (verdere?) teleurstelling en (verdere?) seerkry. Daarom raak hulle nie betrokke nie. Siniese mense is volgens Ortberg (dikwels?) teleurgestelde idealiste met 'n ervaring dat hulle nie na waarde geskat word nie en verantwoordelikheid vir vrees.

Siniese mense het volgens my gewoonlik geen lojaliteit aan en vertrou in iemand nie. Skeptiese mense kan een dag een span ondersteun en 'n volgende dag 'n ander en is daarom ook nie altyd betroubaar om iets uit te rig nie.

Jakobus se beskrywing van ongesonde twyfel in die geloof herinner mens nogal aan hierdie menslike probleem van 'n oormaat twyfel en 'n leemte in vertrou. Die soort twyfel wat teengestaan moet word, is 'n voortdurende twyfel, soos die golwe van die see wat heen en weer deur die wind gedryf word. Dis 'n twyfel wat tot 'onbestendigheid' lei, vertaal die 1983-Afrikaanse vertaling en die proefvertaling van 2014 lui 'weifelende mens'. Die twyfel is 'n soort gespletenheid in 'n mens, volgens Ortberg en van der Colf (Daadchristene gevra). 'n Dubbelhartigheid soos om vrygewig te wil wees maar die beste vir hom- of haarself vas te hou; om nederig te wil wees maar applous vir die nederigheid te verwag; om te bid vir God se wysheid maar dit tog nie te verwag nie of om eintlik klaar te besluit het wat die beste is om te doen.

2. Gesonde twyfel is goed vir lewe en daarom ook goed vir geloof

Ongesonde twyfel is wanneer jy een dag hierdie span ondersteun en die volgende dag weer 'n ander. Gesonde twyfel daarteenoor is wanneer jy 'n span ondesteun en die lojaliteit vir

jou so ernstig is dat jy daarom krities is. Krities en twyfelagtig oor wie die beste afrigter, spelers en wedstrydplan is.

Ook in verhoudings werk die soort twyfel goed. 'n Jongman, wat te seker is oor sy geliefde se liefde vir hom, raak maklik arrogant. Maar 'n sweempie van onsekerheid en twyfel maak dat hy hard aan die verhouding bly werk!

Wat goed is vir lewe is ook goed vir geloof. Op twee maniere kan ons dit insien. **Vanuit 'n positiewe hoek: Geloof met twyfel laat jou geloof dieper groei.**

- Die Psalms, waarin mense hulle twyfel duidelik uitspreek in gebed, eindig dikwels met nuwe vertroue in God (vergelyk bv Walter Brueggemann se bekende indeling van oriëntasie, disoriëntasie en heroriëntasie).
- Job se twyfel en stryd laat hom God wat meer is as die ou Joodse verstaanskema van 'God straf sonde en beloon die goeie' ontdek.
- In Jesus se lewe en sterwe ontdek ons dat God nie die lyding veroorsaak nie maar in Jesus se kruisdood teenwoordig is en saam ly. Deur twyfel ontdek ons ons probleem met God is eintlik ons valse Godsbegrip. God doen nie die kwaad aan ons nie. God is by ons en ly saam met ons aan ons kruis.

Ons kan die ontdekking dat gesonde twyfel vir geloof goed is ook uit 'n negatiewe hoek benader: Geloof sonder gesonde twyfel ontbloot wensdenkery en goedkoop geloof.

Dit is wat Alice oor geloof leer op pad na Wonderland. Lewis Carroll is die skuilnaam van Charles Dodgson, 'n Oxford-wiskundige en 'n Anglikaanse priester. Uit die lawwe sommetjies in die verhaal sien mens hoe hy die belang van slim gedoende somme by sy dogters wou tuisbring. Sou hy nie die ongesonde vorme van geloof, die blote wensdenkery, ook probeer belaglik maak ter wille van die gesonde geloof nie?

In 'n bekende toneel sê die nare Koningin vir Alice: 'Hier is iets wat jy kan glo. Ek is 101 jaar, vyf maande en een dag oud.' Alice antwoord: 'Dit kan ek nie glo nie.' Kan jy nie?, vra die koningin. 'Probeer weer glo. Haal diep asem en maak jou oë toe.' Toe lag Alice heerlijk. 'Dit help nie om te probeer nie', sê sy. 'n Mens kan nie die onmoontlike glo nie'. 'Nee wat', gaan die koningin voort: 'Jy het nie hard genoeg probeer nie'. 'Op jou ouderdom het ek elke dag 'n halfuur lank regtig hard probeer om te glo. Ek het tot ses onmoontlike dinge voor ontbyt geglo!' (By Ortberg, Geloof en twyfel, maar hy verwar die koningin (van harte?) van Alice in Wonderland met die rooi koningin van Alice Through the Looking Glass).

Geloof is nie wensdenkery en wilde verbeeldingsvlugte nie. Geloof is nie om jouself te dwing om teen die werklikheid in te gaan nie. Ook nie die werklikheid van 'n siekte nie. Ek onthou hoe 'n pastoor van 'n ander dorp 'n sterwende meisie van sy gemeente aangemoedig het om die dokters se bevinding te ontken met die verwagting dat God haar dan as gevolg van

haar 'geloof' met 'n wondergenesing sal beloon. Hoe kon sy vrede tydens haar sterwe ervaar? Nee, eerder verwyf teen God wat haar nie wou genees nie of verwyf teen haarself wat nie hard genoeg probeer 'glo' het nie!

Geloof se waarheid kan nie rasioneel bewys word nie maar ons kan ook nie bewys dis onwaar nie. Geloof is egter nie om jou verstand op te offer nie. Hans Küng, die Switsers gebore teoloog het dit, wat my betref, die duidelikste geformuleer:

Faith in God is neither rational proof nor an irrational feeling nor a decisionistic act of the will, but a well-founded and in this sense a reasonable trust...which includes thought, questioning and doubts...

(Sien ook Denise M Ackermann: This kind of faith (faith consists of complete certainty + the absolute inability to doubt) is confusing because it anaesthetises our critical intelligence by putting to sleep the awkward questions (Surprised by the Man on the Borrowed Donkey, p81))

AvN Koninkrykstyf 2018.